MIDSTREAM COLLEGE

NUUSBRIEF 11/2025 **14 Augustus 2025**

SKOOLSAKE

VANUIT DIE HOOF SE KANTOOR

Achievement of your happiness is the only moral purpose of your life, and that happiness, not pain or mindless self-indulgence, is the proof of your moral integrity, since it is the proof and the result of your loyalty to the achievement of your values.

Ayn Rand

Dit is met ‘n dankbare hart dat ek graag ons ouergemeenskap wat die College, onderwysers en leerders deur dik en dun ondersteun, wil bedank. Dit was verblydend om tydens die onlangse rugbyuitspele en hokkiefinale so baie ouers langs die veld te sien. Die MC^3-konsertkaartjies is ook in ‘n oogwink opgeraap. Dankie dat julle jul kinders aan ons toevertrou en ons ook ondersteun in ons strewe om julle kinders vir die wêreld daarbuite voor te berei. Dankie ook vir die ouers wat bereid is om die College en sy personeel oral vanaf sportpawiljoene, in die parkeerterrein en tot op sosiale media te ondersteun.

Ons o. 16-meisiehokkiespan is die naweek as Noordvaal A-wenners gekroon. Hierdie skitter prestasie is die eerste A-afdeling hokkietrofee in ons kort geskiedenis. Die o. 14- en o. 15-meisiespanne het hulle eweneens baie goed van hulle taak gekwyt by hulle onderskeie finale. Ons is net so trots op ons muurbalmeisies wat die derde plek by die nasionale toernooi verower het. Baie sterkte aan ons o. 14- en eerste rugbyspan met hul wedstryde in die halfeindronde eerskomende Saterdag tuis en by Brandwag onderskeidelik. Sterkte aan ons kultuurleerders met die MC^3-konsert Sondag by Emperors Palace.

Baie geluk aan ons nuutverkose prefekte en Midstream-raadslede. Sterkte met julle nuwe termyn. Aan die leerders wat dit nie gemaak het nie, sluit gerus aan by die ses Midstreamraad-subkomitees, en kom maak ‘n verskil by die College. Carpe Diem!

Ek wil opnuut bevestig dat ons ‘n oop-deur-beleid by die College voorstaan en ouers en leerders weer eens uitnooi om enige aangeleentheid of uitdaging met ons te kom bespreek. Graag bevestig ek ook dat ons personeel nie regsgeleerdes is nie. Diegene wat ons so graag met prokureurs dreig of prokureursbriewe aan die skool stuur, moet daarop let dat die kommunikasie van daar af tussen u prokureur en die skool of Bondev se prokureurs is. Kortweg, die oop-deur-beleid is dan toe wat hierdie aangeleentheid aanbetref, en alle verdere korrespondensie vind dan tussen die regsgeleerdes plaas.

Daar is 'n bekende Latynse term in die onderwys: In loco parentis. Die regsbeginsel van "in loco parentis" beteken dat opvoeders 'n ouerrol aanvaar terwyl leerders onder hul sorg is tydens skoolaktiwiteite, beide binne en buite die klaskamer. Dankie aan elke ouer wat ons toelaat om hierdie verantwoordelikheid te aanvaar, en julle kinders te help mentor en opvoed.

Alone we can do so little; together we can do so much.

Helen Keller

TOEGANG TOT DIE DRIE MIDSTREAM-SKOLE

Ons bevestig hiermee dat ouers slegs te voet toegang tot ons drie skole mag kry. Geen ouer mag by die onderskeie skoolterreine inry nie, selfs nie om net u kind af te laai of op te laai nie. Respekteer asseblief ons sekuriteitswagte, want hulle doen 'n baie ondankbare werk. Hierdie reëling is uitsluitlik om die veiligheid van u kinders te verseker.

NUWE SELFOONBELEID

Die beleid is op die leerders se Google Classroom-groepe geplaas en is ook op die skool se webwerf beskikbaar. Na aanleiding van insette van 'n aantal ouers, is die tydperk waarvoor selfone gekonfiskeer word, hersien.

Ons spreek ons opregte dank uit teenoor die oorgrote meerderheid ouers wat ons in hierdie aangeleentheid ondersteun. Terugvoer vanaf onderwysers dui op ’n beduidende verbetering in leerders se fokus tydens klastyd, met minder afleidings wat hul aandag onderbreek.

AKADEMIE **Klik op die skakel vir akademiese inligting.**

SPORT **Klik op die skakel vir sportuitslae.**

KULTUUR **Klik op die skakel vir kultuuruitslae.**